# PROBLEMATIEK T.O.V. VERHOUDINGE EN GESPREK MET BUITELANDSE KERKE EN BUITEVOLKSE KERKE

## (beperk tot kerke in engere korrespondensie of kerkverband)

VOORAF enkele opmerkings rakende kerk en kerkverband. Dit is opmerklik dat die Kategismus in sy verklaring van die begrip Kerk dinge wat maklik as teenoor mekaar staande gesien word, in organiese verband met mekaar plaas. Dit laat bv. alle klem val op Christus se persoonlike handeling. Vraag 54 lui: „Dat... onderhou". Christus se persoonlike handeling, deur Sy Gees en Woord, is absoluut beheersend.

Tog beteken dit nie dat die mens passief is nie. Maar die handeling van die mens is 'n uitvloeisel of vrug van dié van Christus. Daarom voeg die Kategismus daaraan toe: „en dat ek daarvan 'n lewende lid is en ewig sal bly".

Daar word ook nog 'n ander organiese samehang blootgelê, nl.: enersyds is daar 'n direkte persoonlike gemeenskap tussen die gelowige en Christus deur die Woord en Gees sonder tussenkoms van iets of iemand anders; andersyds word die gelowiges nie indiwidualisties aan Christus verbind nie, maar in 'n Gemeente, die universele liggaam van Christus. Die verbinding met Christus bring tegelyk 'n verbondenheid met die ander wat deur die geloof in Christus ingelyf word.

Die feit dat Christus die allesbeheersende sentrum is, sny na twee kante. Enersyds maak dit dat die Kerk tyd en ruimte kan oorspan — dat die gelowige 'n band het met die Kerk elders in die wêreld: deur Christus heen; dat hy ook so 'n band het met die gelowiges van die verlede en die toekoms.

Andersyds maak dit dat die kerk tegelyk konkreet binne ruimte en tyd staan, dat dit nie bloot opgaan in 'n mistieke of sogenaamde geestelike eenheid nie, maar konkreet, institutêr, tot openbaring kom, en dat die gelowiges die verpligting het om dit te laat gebeur.

Christus is die vleesgeworde Woord, die mensgeworde Woord. Hy het heel konkreet in die konkrete, natuurlike menslike verkondigings ingegaan. Daarom vernietig Hy ook nie in Sy Gemeente die natuurlike organiese verhoudinge nie, maar sluit daarby aan, bv. dié van ouer en kind. Die kind ontvang deel aan Christus kragtens Christus se verbond met die ouers. En dan vloei dit van die natuurlike verhouding organies oor na 'n institutêre, want die kind moet, volgens bevel van Christus (Matt. 28 : 19), gedoop word en daardeur, as deur die teken van die verbond, in die Christelike Kerk ingelyf word. Die institutêre word nie verabsoluteer en uitgangspunt gemaak nie. Daarom is nooddoop vir kinders van verbondsouers, wat spoedig na geboorte sterf, nie nodig nie. Andersyds word dit nie 'n willekeurige saak nie. Dit bly 'n bevel van Christus sodat die bondeling daardeur in die Christelike Kerk ingelyf word. En die Kerk is daar waar gelowiges hulle natuurlik en organies vir gemeenskap van gelowiges kan saamvoeg. Omdat Christus persoonlik in die Kerk

so 'n allesbeheersende plek het, daarom is die Kerk ondeelbaar en onvermenigvuldigbaar. Waar Hy plaaslik saam met sy gelowiges vergader, is daar 'n volle openbaring van die liggaam waarvan Hy die Hoof is. Christus en Sy volheid is onvermenigvuldigbaar. Daarom is plaaslike Kerke nie stukkies of onderdele wat saam die Kerk uitmaak nie. 'n Wyere verband, kerkverband, is wel nodig en is 'n verpligting, maar nie om daarmee die Kerk volledig te maak asof die plaaslike Kerk onvolledig is nie. Daarom is kerkverband ook nie daar vir gemeenskaplike aanbidding, doop of nagmaal nie, maar vir behartiging van gemeenskaplike belange wat nie plaaslike afgehandel kan word nie.

As algemene konklusie uit die voorgaande opmerkings oor wat Kerk is, kan ons dus sê dat die klem gelê word op die persoonlike en natuurlike, maar met volle erkenning van die institutêre, d.w.s. dis 'n organiese benadering. Myns insiens is hierdie faktor van besondere belang vir ons onderwerp.

## Verhoudings met buitelandse kerke

Die Sinode van die Geref. Kerk in S.A. het die behoefte gevoel aan 'n wêreldwye Gereformeerde Sinode en daarom die inisiatief geneem in verband met die byeenkoms wat nou bekend staan as die Geref. Ekumeniese Sinode. Die eerste vergadering het in 1939 in Nederland plaasgevind, is deur die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog afgebreek en in 1946 opgevolg deur dié te Grand Rapids, V.S.A. Dit het aanvanklik slegs die Geref. Kerk in S.A., die Geref. Kerken in Nederland en die Christian Reformed Church van Amerika ingesluit. Die gedagte van ons kant was dat dit 'n Sinode in die volle sin van die woord moes wees en gevolglik beperk tot Kerke wat in engere korrespondensie met mekaar gestaan het. Sake het egter anders verloop. Daar is uiteindelik besluit op 'n breëre vergadering wat ook ander Kerke insluit. Dit sou dus nie 'n Sinode wees nie. Tog is die ideaal van 'n Sinode behou en daarom in die naam Sinode uitgedruk. Dit moes as spoorslag dien om in dié rigting te werk.

In die praktyk het die G.E.S. (Geref. Ekum. Sinode) egter 'n halfslagtige en tegelyk dubbelslagtige karakter begin verkry — halfslagtig omdat dit geen werklike Sinode is nie en geen bindende besluite kan neem nie; dubbelslagtig omdat dit sowel die karakter van 'n blote besprekingsplatvorm aanneem, as iets van die karakter van 'n selfstandige liggaam. Dit neem bv. besluite wat op sy rekening staan. Dit vra van Kerke verantwoording oor die uitvoering daarvan — bv. die besluite oor rasseverhoudinge. Daar was al versoeke en 'n besluit dat Kerke hulle korrespondensie met mekaar nie direk nie, maar deur middel van dié Sinode moet doen (Acta G.E.S., 1968, art. 142, p. 57).

Daar bestaan dus gevaar dat die G.E.S. 'n selfstandige karakter naas, of selfs teenoor, die Kerke kan verkry, en dat dit in formele opsig basies nie veel van die Wêreldraad van Kerke sou verskil nie. As die G.E.S. bv. besluite neem en verklarings uitreik, namens wie doen hy dit as hy slegs 'n gespreksplatvorm is? Die besluit moet

tog nog eers deur die Kerke goedgekeur word. Eers daarna sou dit as besluite kon geld. Deelneming van Kerke aan dié vergadering neig om as lidmaatskap gesien te word. Die benaming „membership" word trouens in 'n voorgestelde hersiening van die „Rules and Standing Orders" gebruik.

Ons voel egter dat die G.E.S. geen selfstandige liggaam kan wees nie en dat die Kerk nie by so 'n liggaam kan aansluit en sodoende 'n lid daarvan wees nie. „Aansluiting beteken vir die Kerk om in kerkverband te tree" (Acta Geref. Kerk in S.A., 1970, Kommissierapport, p. 88).

Dit blyk dus nodig te wees om die huidige G.E.S. eerder verder weg te neem van die karakter van 'n Sinode. So alleen kan die ideaal van 'n werklike Ekumeniese Sinode bereik word. Die huidige half- en dubbelslagtigheid sal ons eerder verder van die ideaal weghou en tegelyk aan 'n soort statutêre liggaam gestalte gee wat die Kerke kan oorwoeker i.p.v. dien.

Die huidige G.E.S. moet iets soos 'n Geref. Ekum. Beraad wees — 'n gesprek van Kerke oor gemeenskaplike sake. Hieraan is daar wel behoefte, soos op 'n ander vlak daar behoefte is aan bv. gesprek tussen die Afrikaanse Kerke oor sake wat hulle uit mekaar hou. Dit vind ook daadwerklik plaas. Die Agenda van 'n Geref. Ekum. Beraad hoef prakties nie van die G.E.S. in sy huidige vorm te verskil nie. Maar hier sal in elk geval beperkinge op die Agenda gelê moet word, sodat dié Beraad nie as 'n soort studieliggaam gebruik word oor sake waaraan deelnemende Kerke geen aktuele behoefte het, of wat hulle self kan onderneem nie.

Die geleentheid wat ons nou het om deur die G.E.S. wêreldwyd 'n gesprek te voer met kerke wat so naby ons staan, mag nie onbenut gelaat word nie, maar moet kragtig aangegryp word. In 'n wêreld wat al kleiner word en waarin die stem van eenwording soos 'n voortdurende refrein weerklink, moet ons die stem van die wat die naaste aan ons staan, en in basiese opsigte ons oordeel oor dié eenwording deel, duidelik hoor. Ek dink ook aan wat die internasionale sendingkonferensie vir sendingwerk kan beteken, veral deur die uitruil van kennis en die perspektief wat gekoördineerde inligting kan bied vir die ontginning van arbeidsvelde.

Dis egter alleen wanneer die huidige G.E.S. sy ware plek en funksie het, wat die behoefte aan 'n werklike Ekumeniese Sinode gewek sal word. En dit sal ook weer organies aangepak moet word — waar en wanneer die tyd daarvoor ryp is. Dit beteken nie dat die Geref. Kerk of Kerke tot dusver 'n onvolledige Kerk was of is omdat dit nie universeel georganiseerd is nie. Die plaaslike Kerk is volledige Kerk. Maar soos wat die natuurlike, organiese omstandighede verander, word die behoefte aan 'n nouere konkrete ekumeniese verbinding geskep. Die moderne vinnige verkeersmiddele maak nie slegs die wêreld in die algemeen kleiner deur spoediger en intiemer kontak nie, maar is ook 'n middel wat God aan die Kerke gee om hegter kontak te hê en in 'n eenwordende wêreld hulle gemeenskaplike take uit te voer. Dis ook 'n middel wat God gee sodat die saamgesnoerde Kerke nie deur die wêreldse eenwording

opgesluk word nie.

Hierdie organiese uitgangspunt maak dat die Kerk nooit kan stagneer nie. Daar kan nie gesê word: dit was in die verlede só en dit het goed gewerk en daarom moet dit ook nou so wees nie. Nee, nuwe omstandighede verplig tot veranderings.

Ondertussen, sonder 'n werklike G.E.S., is kerklike korrespondensie die aangewese weg, vir noue skakeling met mekaar. Dit moet kragtig ter hand geneem word, soos die omstandighede dit vereis — nie kunsmatig nie. Daar is op die oomblik bv. geen natuurlike rede of noodsaak waarom ons deputate na die Sinode van die Geref. Kerke in New Zealand sou stuur nie. Dit is egter wel noodsaaklik dat ons — gesien die kerklike verwikkelinge in Nederland — noue betrekkinge met die Kerke aldaar sal beoefen. Dit geld allereers die Geref. Kerken. Die verwikkelinge daar vereis ons aandag. Dit impliseer egter tegelyk noue verbindinge met die Christelike Gereformeerde Kerke, asook die Christian Reformed Church in die V.S.A. Daar is ook positiewe redes waarom ons met die Christelike Geref. Kerke in Nederland veel nouer skakeling moet beoefen. Ons dink bv. aan die groot werk wat dié Kerke in ons land in Noord-Transvaal doen en die noue samewerking met ons Kerke aldaar. Daar is ook die samewerking by die Teol. Skool van Hammanskraal.

Die persoonlike en organiese karakter van kerk wees vra aandag vir organiese kontak, veral persoonlike. Om verhouding te beoefen deur middel van Sinodale Acta, is gewoonlik maar die tweede-beste metode. Deputate kan beter op hoogte kom van die agtergrond van besluite en van die besondere aktuele omstandighede, wat soms besondere besluite vereis en wat nie altyd uit ander omstandighede dadelik na reg gewaardeer kan word nie.

Trouens, die Heilige Skrif is self so gegee — openbaring in historiese omstandighede. Dit is vir die grootste gedeelte nie as tydlose waarhede, of tydlose reëls of resepte gegee nie. Ons dink bv. aan die lig wat die Skrif vir volkereverhoudinge bied en hoe ons dit vir ons besondere situasie moes en moet uitdelf.

Natuurlik mag die historiese karakter van die openbaring nie op die spits gedryf word tot 'n „interpretasie" van die Skrif wat nou „geher-interpreteer" moet word nie. Maar juis omdat daar enersyds 'n basiese eenheid is, 'n basiese waarheid is, wat nie aangetas mag word nie; en andersyds tog die aspek van besondere, aktuele omstandighede; daarom is persoonlike kontak deur deputate noodsaaklik t.w.v. die eenheid van die waarheid sowel as begrip vir die omstandighede. Juis so kan die Kerke vir mekaar tot oë en ore wees.

Die Geref. Kerken in Nederland het reeds inisiatief geneem om 'n deputaat van ons Sinode uit te nooi vir bespreking van sake wat daar op die hart gelê het. Ons sal op hierdie weg moet voortgaan. Veral onder die huidige omstandighede is dit dringend noodsaaklik t.w.v. wedersydse begrip en, waar nodig, waarskuwing, of selfs vermaning. Dis 'n verpligting wat ons opgelê is t.w.v. die eenheid van die ware geloof. Daar is onder baie in ons kring ál meer onsekerheid en onbevredigdheid, selfs ontevredenheid, met dié Kerke

se houding en besluite oor bv. leerkwessies wat aldaar opduik, oor optredes i.v.m. die ampte — veral in soverre dit die vrou raak; verder die aansluiting by die Wêreldraad van Kerke. Hierdie gevoelens is nie tot S.A. beperk nie, maar kom in Kerke dwarsoor die wêreld voor, en het al gelei tot korrespondensie met die Gereformeerde Kerken daaroor. Die Orthodox Presbyterian Church spreek hulle misnoeë i.v.m. dié Kerke aan die komende G.E.S. uit en die Reformed Churches of New Zealand versoek dat die G.E.S. dié Kerke vra om hulle aan die G.E.S. te onttrek. (Agenda G.E.S., 1972, p. 130, 133).

Verbreking van verhoudinge is 'n uiters ingrypende saak. Dis so onherroeplik. Dit beteken skeuring en verwydering. En dit in 'n wêreld waarin Gereformeerdes mekaar so dringend nodig het. Dit is tot groot skade van die Kerk. Ons sal twee dinge moet vashou. Eerstens, as ons oortuig is dat in dié Kerke die Gereformeerde belydenis en die engere korrespondensie met ons verkrag word, ons dan geen toeskouershouding of selfs afwagtende houding mag inneem nie, maar die dinge duidelik moet sê. Só word die waarheid gedien. Tweedens, hoewel ons duidelik standpunt moet inneem, moet ons die verhoudinge nie radikaal en summier afbreek nie, maar die weg van samespreking voer. Ons sal dan deputate moet stuur en so die saak met hulle gaan bespreek. En ons sal in ons samesprekings ook lankmoedig moet wees.

As ons hierdie tweërlei optrede volg — standpuntinname én samespreking — kan ons niks verloor nie, maar wel baie wen. Dis seker ook die eis wat Christus volgens Matt. 18 aan ons stel.

## Verhoudings met buite-volkse kerke

Die persoonlike, natuurlike en organiese karakter van die Kerk is ook hier belangrik. In teenstelling tot diere en ander skepsele wat soortig of in groepe geskape is, is die mens persoonlik geskape. Daarom staan die direk persoonlike verhouding tot God in die sentrum. Ook in die herskepping van die mens deur Christus is dit die geval — die gelowige staan in 'n direk persoonlike verhouding tot Christus. Dít is die basiese.

Maar dis juis vanweë hierdie persoonlike uitgangspunt, wat daar plek is vir 'n organiese — en nie 'n meganiese — benadering nie. Die Skrif leer dat die mensdom basies 'n eenheid is — uit een persoon, uit een bloed voortgekom. Tog vind daar onder Gods besondere leiding en vanweë Sy besondere seën (Gen. 9 : 1), 'n organiese differensiëring in lande, tale en nasies plaas — soos die refrein in Gen. 10 : 5, 20, 31 en 32 duidelik laat sien. Gen. 11 leer ons verder dat deur die sonde van die mens dié differensiëring 'n verskeurdheid geword het. Teenoor die mensdom se poging om deur stad- en toringbou 'n eenheid te bewerk, d.w.s. deur organisasie, administrasie, tegniek, ens., toon God dat die oplossing vir die mensdom in die persoonlike verhouding en gemeenskap geleë is. God reageer op die stad- en toringbou, nie deur 'n ander stad of organisasie of struktuur te gee nie, maar deur Abraham persoonlik te roep (Gen. 12 : 1 v.). Hy maak hom darmee los van alle strukture of instellings, ook

van sy land, volk, ens. Slegs die persoonlike verhouding tot God bly oor. Dit is die primêre, sentrale.

Maar met dit as uitgangspunt word die natuurlike verhoudings weer erken en in die regte verhouding gestel. Abraham word weer in 'n land geplaas. Hy word weer 'n nasie gemaak. Die verlossing vir die wêreld, asook wêreldeenheid, word aan Abraham verbind: in hom sal al die geslagte of nasies van die aarde geseën word (Gen. 12 : 3, vgl. 22 : 18). Dit sal geskied vir wie Abraham seën, d.w.s. hom as geseënd beskou deur God, wat glo in die God van die seën. Dit sal dus deur die geloof geskied.

By die uitstorting van die Heilige Gees met Pinkster word nie net een taal gehoor nie. Die gelowige persoon word nie aan 'n struktuur opgeoffer nie. Hy word nie in 'n wêreldkerk, 'n internasionale of internasionale Kerk, met hetsy Grieks, hetsy die Joodse taal (Hebreeus of Aramees), gestel nie. Nee, dit gebeur heel natuurlik, organies, spontaan: elkeen hoor die evangelie in sy eie taal. Die organiese karakter word nog verder beklemtoon deur die byvoeging van die woorde: „waarin ons gebore is". Hiermee word die mees natuurlike verhouding aangesny. Dis die taal wat jou moeder jou geleer het, waarin jy opgevoed is. Christus praat met die mens in sy eie taal. Só intiem en persoonlik gaan Hy met die gelowige om. Ons hoor ook mos elders dat God die mens by die naam noem (bv. Ex. 33 : 12). Die Heilige Gees begin dus die evangelieverkondiging by die gelowige as persoon. So het die mensheidsgeskiedenis ook begin.

Daar is dus 'n natuurlike differensiasie onder gelowiges, 'n natuurlike differensiasie in die Kerk; en tog is daar 'n eenheid. Die Heilige Gees is nie volksgewys uitgestort nie, maar daar waar die gelowiges uit verskillende volke saam vergader was. Dit wys op die groot eenheid in Christus. Dis 'n eenheid met erkenning en behoud van die organiese verbande. So moet ook sending gedoen word — met erkenning van die taal, kultuur en nasieskap van hulle aan wie die evangelie verkondig word: Gaan dan heen, maak dissipels van alle „nasies" (Matt. 28 : 19).

Soos wat die gelowige nou in sy eie taal deur die Heilige Gees aangespreek is en word, so is dit sy voorreg om self ook in sy eie taal die evangelie te spreek en oor die evangelie en dié se betekenis vir hom en sy taalgenote te spreek. Daarom is dit organies, natuurlik en reg dat daar onderskeie Kerke (Gemeentes) vir die mense van onderskeie tale is — soos dit trouens ook die geval was met die Frans- of Waalssprekende gelowiges in Nederland.

En dis ook heel natuurlik — veral in ons land met die groot verskille in tale en kultuur — dat die onderskeie vergaderings tot op nasionaal-sinodale vlak so ingerig sal wees. So is dit ook die geval in ander lande. Die vergaderings gaan daar gewoonlik nie oor landsgrense en gevolglik oor taalgrense, heen nie. Dit sluit aan by die natuurlike verdelinge. Die verskil is slegs dat die natuurlike taal- en volksverskille daar organies saamval met die aardrykskundige verdelings, terwyl ons in ons land op die oomblik 'n kunsmatige aardrykskundige situasie het wat nie met die natuurlike volks- en taalverskeidenhede saamval nie.

Maar die eenheid van die Kerk in Christus, dring organies ook tot die uiting van die eenheid in kerkverband oor die nasionale grense heen. Daar is 'n sekere eenheid van belange — veral omdat ons aardrykskundig so nou gekoppel is. Ons leef in dieselfde land met baie dinge wat vir die Kerk gemeenskaplik is. Daar is ook 'n eenheid van belydenis. Dit moet bewaar word. Daar is die feit dat die Kerk primêr die Kerk van Jesus Christus is. Dit moet hierdie besondere karakter behou. Hoewel dit nóú by die volk betrokke is en moet wees, mag dit nooit daarin opgaan nie. Daar mag nie nasionalisering van die Kerk in enigeen van hierdie nasionale groepe of Sinodes wees nie. Die een kerkverband is ook van groot waarde om die Kerk van Christus hiervoor te bewaar.

Die Geref. Kerke in Suidelike Afrika het daarom besluit om in een Algemene Sinode saam te kom. Die eerste een is reeds in 1965 gehou. Dit dra die naam: Algemene Sinode van die Geref. Kerke in Suidelike Afrika. Hierdie Sinode is 'n Sinode in die volle sin van die woord en staan in dieselfde verhouding tot mindere vergaderings as wat hulle op hulle beurt tot ander mindere vergaderinge staan.

Sy Agenda is wel kleiner — soos wat dit in die geval van meerdere vergaderings is: die Agenda word trapsgewys kleiner, omdat nie sake behandel word wat in mindere vergaderings afgehandel kan word nie. Om hierdie rede behoort daar m.i. op dié Agenda bv. nie plek vir appèlle te wees nie.

Dis nie die organiese en natuurlike plek daarvoor nie. Die behoefte aan 'n Algemene Sinode, wat verskillende Nasionale Sinodes omvat, het nie opgekom uit behoefte aan meerdere geleentheid vir appèl nie, maar uit ander behoeftes, soos bv. bo genoem en vanweë gemeenskaplike belange.

Hier wil ek graag 'n moontlike misverstand uit die weg ruim. Soms kom die vraag blykbaar by persone op: is die Algemene Sinode nou die Gereformeerde Kerk in S.A.? Hierdie vraag het verkeerde uitgangspunt, nl. dat die Sinode die Kerk is. Maar die Kerk is, die plaaslike Kerk. Daarom behandel dit bv. alle kerklike sake, die Sinode egter net dié wat die plaaslike Kerke saam raak en nie plaaslik afgehandel kan word nie. Daarom skryf die Algemene Sinode nie aan Kerke voor nie. Dit neem slegs op 'n beperkte gebied besluite — net soos die ander Sinodes op hulle gebied beperk is. As ons die saak van Algemene Sinode en Nasionale Sinodes reg wil waardeer, moet ons loskom van enige kollegialistiese element wat daar in ons beskouing oor 'n Sinode mag wees. Daarom is daar nie sprake van „oorstem" word op 'n Sinode nie. Dit kan alleen gebeur as die Sinode kollegialisties gesien word. As die Sinode buite Gods Woord en die Kerkorde handel, is die ander Sinodes of plaaslike Kerke vry om uit die verband te tree. Die primêre binding is dié aan Christus, aan Sy Woord en Gees. Christus regeer Sy Kerk. Dit gee aan die gelowiges 'n besondere vryheid en aan die vergaderings 'n besondere gebondenheid.

Die Algemene Sinode vervang nie die Algemene Sinode wat tot dusver dié van die Geref. Kerk onder die Afrikaners was nie. Dit neem nie die Agenda of werksaamhede van dié Sinode oor nie.

Dit handel slegs oor dinge wat breër gaan as wat die Sinode onder die Afrikaners of van die Kerk onder een van die ander volke, kan afhandel. Dit vaardig bv. nie verteenwoordigers na die G.E.S. af nie (vgl. Acta Geref. Kerk in S.A., 1970, p. 76). Die natuurlike behoefte is dat elke Nasionale Sinode daar verteenwoordig word. So is dit bv. die geval met Kerke wat in engere kerklike korrespondensie met mekaar staan. Dit is streng gesproke om in dieselfde kerkverband te staan. Tog vaardig hulle elk afsonderlik af. Daarby is die verteenwoordiging op die G.E.S. nie streeksgewys, bv. vir V.S.A., Europa, Afrika, ens. nie. Dis in wese nasionale Sinodes wat daarheen afvaardig. Die aardrykskundige faktor is daarom nie as sodanig die uitgangspunt nie.

Die benaming „Algemene Sinode" mag ons dalk parte speel in ons benadering van 'n Sinode. Ons mag dit dalk sien as aanduiding van 'n afgeslote geheel, soos 'n koepel oor 'n gebou of 'n deksel op 'n pot. Maar in werklikheid is dit geen sluitstuk nie. Die Algemene Sinode is nie die uitgangspunt, die eenheid, wat uit onderdele wat (net) gedeeltes is, opgebou is nie. Die uitgangspunt is die plaaslike Kerk. Dít is 'n eenheid. Meerdere vergaderings is daar t.w.v. gemeenskaplike belange en het daarom ook geen plafon nie. Daar kan ook 'n Sinode ná die huidige Algemene Sinode kom, bv. een vir die Geref. Kerke Suid van die Sahara, en dan nog een vir die hele Afrika, of vir die Suidelike Halfrond of uiteindelik vir die hele wêreld, sonder om hierdie een se funksie of werksaamhede oor te neem.

Met die daarstelling van gedifferensieerde Kerke (Gemeentes) en meerdere vergaderings tot op nasionale vlak enersyds, en 'n Algemene Sinode andersyds, het die Gereformeerde Kerk(e) in dié land uitdrukking gegee aan eenheid sowel as verskeidenheid in die Kerk van Christus — eenheid in verskeidenheid; verskeidenheid in eenheid. Dit het ook uitdrukking gegee aan die organiese en natuurlike karakter van gelowige wees en Kerk wees.

Vanweë hierdie organiese en natuurlike karakter, is daar ook die behoefte gevoel aan verhoudinge op meer as net Algemene Sinodale vlak, en ook dat dit natuurlik en organies moet wees: „Hoewel die gemeenskaplike band deur die Algemene Sinode gelê word, behoort daar ook onderlinge kontak te wees tussen mindere vergaderings waar nodig, en op 'n wyse deur hulle bepaal" (Acta Geref. Kerk in S.A., 1970, p. 361, j.). Ons lewe prakties langs en onder mekaar. Daarom mag ons nie kerklik by mekaar verbyleef nie. Daar móét 'n band wees. Maar dit mag ook nie kunsmatig wees, soos in gesamentlike doopdienste of nagmaaldienste nie.

In die praktyk kan daar bv. aan die volgende aandag gegee word: Diakens kan deputate benoem om met deputate van ander Kerke (Gemeentes) gesprek te voer. Van ons kant kan dit bv. meebring dat ons kennis kry van die ware behoefte van mense in die jonger Kerke; en van die werklike oorsake daarvan — die persoonlike gebrek aan geld of aan onderskeidingsvermoë of aan kennis van koopware se pryse, gehalte, ens. Daar kan ook sosiale oorsake wees, sekere gewoontes of gebruike of lewens- of kooppatrone, of wat ook al. Daar

kan probleme en leemtes in die arbeidstruktuur lê waarteenoor dié mense magteloos staan en wat uit 'n ander hoek aangepak moet word. Ons Kerke, diakonieë moet eerstehandse kennis hê en prakties op hoogte wees van die armoede onder die mense van ons buurkerke, en die oorsake daarvan. Daar is mense op ons drumpels wat behoeftig is, om watter redes dan ook, en ons mag nie blote toeskouers wees, of onskuldiges daaromtrent wees nie. Miskien sou kontak met die probleme en insig daarin, ons diakonieë tot groot diensbaarheid in staat stel. Dit open die moontlikheid van voorligting, of studie, of gesprek, of gesamentlike soeke na oplossings. Miskien dwing dit ons om beter op hoogte te kom met hoe die arbeidswetgewing mense raak en kan ons met advies selfs ook die wetgewers tot hulp wees. In elk geval, hier is 'n veld waarop die diensbaarheid groot moontlikhede bied en waarop die liefde van Christus baie konkreet en prakties tot uiting kan kom. Hier is konkrete geleentheid vir sinvolle gesprek.

Wat die ouderlinge betref, geld ook hier weer dat die kontak natuurlik en spontaan, en nie kunsmatig moet wees nie. Dit sal in die oorgrote meerderheid van die Gemeentes bv. nie sin hê om Gemeenskaplike Kerkraadsvergaderings te hou nie. Ons sal uit twee verskillende wêrelde dink en praat. Dit sal eerder verleentheid by albei groepe deelnemers wek as wat dit iets sal bou. Daar is ook geen natuurlike behoefte daaraan nie.

Tog is kontak, gemeenskap nodig. Die belangrike rol wat die sendeling in dié verband speel, hoef nie hier nader bespreek te word nie. Ook speel sendingkommissies 'n belangrike rol. Hulle kom op konkrete wyse oor konkrete sake met die ander lidmate en kerkrade in aanraking. By sommige Kerke (Gemeentes) is daar die aanbevelenswaardige gebruik dat die predikant van die plaaslike jong Kerk minstens sommige van die sendingkommissie-vergaderings bywoon. Ook het 'n Kerkraad al met goeie gevolg deputate van 'n Kerkraad in wie se gebied sendingwerk gedoen word, ontmoet voordat tot die beroeping van 'n sendeling oorgegaan is. Deputate van Kerkrade sou ook oor gemeenskaplike sake besprekings kan voer, soos bv. oor kerklike bydrae.

Ook klasses sou by tye, vir bepaalde sake, deputate kon benoem wat òf saamvergader, òf die vergadering ontmoet. Die natuurlikste aansluitingspunt sal seker sendingsake wees. Wat die Nasionale Sinodes betref: Dit is gebruiklik dat ons Nasionale Sinode groete van ander Kerke ontvang. Ons Sinode word by die ander Nasionale Sinodes verteenwoordig, — al is dit indirek — deur sendingdeputate. Die teenoorgestelde gebeur egter nie, nòg wat verteenwoordiging nòg groete betref. Is die tyd nie al ryp dat ons ook groete van hulle ontvang nie? Vanweë ons besondere verhouding met hulle, sal dit op 'n ander geleentheid geskied as dié van Kerke wat nie met ons in engere korrespondensie staan nie.

Ons Kerk het te duidelik die organiese en natuurlike weg van die Skrif aangewys, en die praktyk het die heilryke betekenis hiervan te duidelik bewys, dat iemand kunsmatige kerklike integrasie hier voorstaan of wil afdwing. Andersyds, ons Kerk het te duidelik die eenheid van gelowiges in Christus en die weg van eenheid met behoud

van differensiasie aangewys, dat ons te veel sou aarsel om organiese en spontane verhoudings, waar nodig, in die werk te stel. Die lyne is nou te duidelik getrek en die verhoudinge te uitdruklik deur ons sowel as die jonger Kerke onderskryf, dat ons in persoonlike kontak sonder meer 'n bedreiging van differensiasie en 'n uiting van of neiging tot integrasie sou sien. Dit kan veeleer 'n duidelike getuienis van die skriflyne gee as mense van verskillende volkere, wat almal op die standpunt van differensiëring staan, met mekaar oor die sake van die Kerk van Christus, gesprek voer.

Die tyd snel te vinnig voort dat ons met kerklike verhoudings en gesprek wat onder ander omstandighede, met die tempo van 50 jaar gelede, 'n baie lang rypwordingsproses sou vereis het — dat ons daarmee sou sloer.

Ons Sinode het met die besluit tot 'n Algemene Sinode en tegelyk gedifferensieerde plaaslike verhoudinge, 'n skriftuurlike verhouding vasgelê wat ook vir ander verhoudinge, soos dié op staats- of maatskaplike vlak, rigtinggewend kan wees. Ook só lewer die Kerk sy bydrae in verband met volkereverhoudinge in 'n land. Dis die Christene uit die verskillende volke, wat, onder meer deur kerklike verhoudings en gesprek, die lig moet gee en die inisiatief moet neem. Die Kerk mag nie hierin op die agterpunt aankom nie. Nie die staat nie, nie die regering, nie die opposisie, nie vyandige groepe moet die pad van menslike en volkereverhoudings ooptrap nie, maar die Kerk van Jesus Christus — deur die eenheid in Hom, wat organiese differensiëring erken en tegelyk in hoëre perspektief stel. Ja, dis Christus, dis Sy Kerk, wat die enigste oplossing bied en is vir die wêreld in sy verskeurdheid. Hy in wie al die nasies van die aarde geseën word.

Die verhouding tot Christus is te persoonlik en die weg van die Kerk te organies dat ons in die verhoudinge mag stagneer, of dat ons vir die bevordering daarvan tot kunsmatige metodes moet oorgaan.

Prof. dr. J. L. Helberg.

*(Gelewer voor G.T.V. Jaarvergadering, Ontdekkers, Junie 1972)*